**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL MAANDAG 4 MEI TYD: 20 MIN.**

**Onderwerp**: Die lees van 'n kortverhaal en karakterbeskrywing.

**Doelwit:**

Die leerder moet kan voorspel waaroor die storie gaan en moet vrae oor die storie kan beantwoord. Die leerder moet kan fokus op hoe die hoofkarakter se gesindheid van die begin van die storie tot die einde van die storie verander.

**Lesinhoud:**

Goeie dag Graad 4's.
Vandag gaan ons kyk na 'n kortverhaal.

Maak jou rooiboek oop op bl.86, voordat jy die teks lees, kyk na die opskrifte en prentjies.
Kan jy dalk voorspel waaroor die teks gaan?
Lees die teks nou deur, indien daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit dan weer stadig deur.

Hierdie kortverhaal bestaan uit drie paragrawe:

1. **Inleiding – Die begin (eerste paragraaf)**
   Hier vertel jy vir die leser waaroor die storie gaan. Dit moet interessant wees en die leser se aandag dadelik vasvang sodat hy/sy die storie verder wil lees.

2. **Die middel (tweede paragraaf)**
   In hierdie paragraaf gee jy al die besonderhede of inligting deur. Hier word vertel wat alles in die storie gebeur.

3. **Slot - Die einde (laaste paragraaf)**
   Hierdie paragraaf sluit mooi aan by die eerste paragraaf en vat die hele storie mooi saam. Dit is hoe die storie afgesluit word.

**AKTIWITEIT:**

Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek**: Bl.86-87**
Lees die kortverhaal deur en beantwoord al die vrae daaroor.
**Onthou om vir die storie 'n goeie/treffende titel te gee.**

**MEMORANDUM: MAANDAG 4 MEI**

**Bl.86-87**

Titel – Jy kan enige titel gebruik het, maak seker dat dit met 'n hoofletter begin en verwys na die teks.
Watter soort maat was Lulu? C – selfsugtig en gemeen
Waar het Lulu gewoon? C – In 'n pragtige woonbuurt.

Wanneer het Lulu se maats haar besoek? A – Op ‘n sonnige Saterdagmiddag.
Hoe het Lulu se maats haar laat besef dat sy verkeerd optree? A – Hulle het haar nie laat saamspeel nie.

Waarom was Lulu aan die begin selfsugtig?
Sy is die enigste kind en word lekker bederf. Sy deel ook glad nie haar speelgoed nie.
(Enige soortgelyke antwoord.)

Hoe het Lulu se maats oor haar selfsugtigheid gevoel?
Hulle was hartseer daaroor. Hulle het seergemaak gevoel, of sleg gevoel.
(Enige soortgelyke antwoord.)

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL DINSDAG 5 MEI TYD: 15 MIN.**

**Onderwerp: Skryf ‘n paragraaf**
**Doelwit:**
**Die leerder moet ‘n paragraaf (dagboekinskrywing) vanuit die gesigspunt van die hoofkarakter kan skryf.**

**Lesinhoud:**
Goeie dag Graad 4’s

Gister het ons gekyk na die kortverhaal oor Lulu. Ons het gesien hoe haar karakter verander het vanaf ‘n selfsugtige maatjie na ‘n mededeelsame maatjie wat ander maats ook in ag neem.

Lulu se maats moes haar eers ‘n les leer, voordat sy besef het dat sy nie mooi optree teenoor haar maats nie. Lulu het dus besluit sy wil nie meer so ‘n selfsugtige maatjie wees nie, en daarom het haar houding en gesindheid verander aan die einde van die storie.

Indien jy nou in Lulu se skoene was, hoe sou jy gevoel of gereageer het? Sou jy kwaad gewees het vir jou maats wat vir jou ‘n les probeer leer het? Sou jy jou gesindheid ook verander het?

Voltooi nou die aktiwiteit op bl.88.

**AKTIWITEIT:**
Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek**: Bl.88.**
Lees die kortverhaal van Lulu weer deur. Stel jou nou voor jy is Lulu.
Skryf ‘n paragraaf waarin jy opsom wat vandag met jou gebeut het.
Jou storie moet uit een paragraaf bestaan met +- 60 woorde.

**MEMORANDUM: DINSDAG 5 MEI**

**Bl.88**

**Kontroleer jou paragraaf:**

| **Kontrolelys** | **Ja** | **Nee** |
|---|---|---|
| Jou storie bestaan uit een paragraaf. (Sinne is nie puntsgewys nie.) | | |
| Elke sin het 'n hoofletter en 'n punt, en die sinne is nie te lank nie. | | |
| Die sinne of punte vloei mooi en sluit bymekaar aan. | | |
| Daar is geen spelfoute nie. | | |

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL WOENSDAG 6 MEI TYD: 15 MIN.**

**Onderwerp**: Byvoeglike naamwoorde

**Doelwit**:

**Leerders moet byvoeglike naamwoorde kan identifiseer.**

**Lesinhoud**:

Goeie môre Graad 4's

Vandag gaan ons kyk na byvoeglike naamwoorde.

Wat is 'n byvoeglike naamwoord? (Kyk na powerpoint aangeheg.)
Byvoeglike naamwoorde beskryf die selfstandige naamwoorde (waaraan jy kan vat).
Bv. Ek het 'n groot tas. **Groot** is dus die byvoeglike naamwoord, want dit beskryf die tas.
Bv. Die vinnige seun het sterk arms. **Vinnige** en **sterk** is die byvoeglike naamwoorde.

Kom ons kyk of jy nou bevoeglike naamwoorde verstaan!

**AKTIWITEIT:**

Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek: **Bl.88-89.**
Lees die kortverhaal van Lulu weer deur.
Kies 6 byvoeglike naamwoorde (uit die lys) wat Lulu aan die begin van die storie beskryf.
Kies daarna 6 byvoeglike naamwoorde wat Lulu aan die einde van die storie beskryf.

Bl.89

Skryf 'n kort beskrywing (2 of 3 sinne) van Lulu se geaardheid aan die begin van die storie.
Onderstreep die byvoeglike naamwoorde
Skryf nou 'n kort beskrywing (2 of 3 sinne) van jou beste maat en onderstreep al die byvoeglike naamwoorde.

**MEMORANDUM: WOENSDAG 6 MEI**

**Bl.88**

| Aan die begin: | | Aan die einde: | |
|---|---|---|---|
| **Selfsugtig** | **Gemeen/ onbeleef** | **Welwillend** | **Gelukkig** |
| **Onwelwillend** | **Gulsig** | **Vrygewig** | **Vriendelik** |
| **Bederf** | **Kwaad/nors** | **Onselfsugtig** | **Slim** |

**Bl.89**

Enige beskrywing met byvoeglike naamwoorde, waar jy die byvoeglike naamwoorde onderstreep het.

Bv. Lulu was 'n selfsugtige dogtertjie wat baie bederf is. Sy is gemeen en nors teenoor haar maats.

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL DONDERDAG 7 MEI TYD: 15 MIN.**

**Onderwerp:** Basisvorme en voorvoegsels

**Doelwit:**

Leerders moet weet wat 'n basisvorm is. Hulle moet ook die voorvoegsel in 'n woord kan identifiseer.

**Lesinhoud:**

Goeie dag Graad 4's

Vandag gaan ons kyk na die kleinste betekenisvolle eenheid van 'n woord, naamlik basisvorme of stamme.

'n Stam/basisvorm is die kleinste deel van die woord wat betekenis gee aan die woord:

Bv. oefening = oefen sal die stam of basisvorm wees.

gesondheid = gesond sal die stam of basisvorm wees.

'n Woord kan ook meer as een stam/baisvorm hê.

Bv. tuinslang = tuin + slang is die stam of basisvorm.

**Voorvoegsels** word weer vooraan die stamwoorde of basisvorme bygevoeg.

Voorvoegsels is nie 'n volledige woord nie en kan nie alleen staan nie.

Wanneer 'n voorvoegsel vooraan 'n stam of basisvorm gevoeg word, word 'n nuwe woord gevorm.

Bv. oefen –> geoefen (**ge-** is jou voorvoegsel)

trou –> vertrou (**ver**- is jou voorvoegsel)

Kom ons kyk nou of jy verstaan deur die aktiwiteit te doen.

AKTIWITEIT:

Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek: **Bl.89-90.**

Onderaan bl.89 is 'n tabel met woorde.

Omkring al die voorvoegsels.

Onderstreep al die stamwoorde/basisvorme in die tabel.

**Bl.90**

Jy moet nou 'n geheuekaart voltooi oor die storie wat jy beplan.

Jy kan dit net puntsgewys neerskryf op jou geheuekaart.

Kies 'n gepaste titel.

Maak seker jy weet wie jou hoofkarakter en karakters gaan wees.

Die verandering in jou hoofkarakter se gedrag moet duidelik uiteengesit word.

MEMORANDUM: **DONDERDAG 7 MEI**

**Bl.89**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **mis**verstand | **on**regverdig | **wan**hoop | **on**seker | **ver**spreek | **ge**doen |
| **mis**plaas | **ge**sien | **ver**ryk | **wan**orde | **ver**lê | **on**geduldig |

**GRAAD 4: AFRIKAANS HUISTAAL VRYDAG 8 MEI TYD: 20 MIN.**

**Onderwerp**: Beplan 'n storie

**Doelwit**:

Die leerder moet 'n geheuekaart kan maak oor 'n hoofkarakter wat se gesindheid verander met verloop van die storie.

Lesinhoud:

Goeie dag maats

Ons het die hele week gekyk na die storie van Lulu en hoe haar gesindheid/houding/gedrag verander het teenoor haar maats na die einde van die storie.

Jy moet nou self jou eie storie beplan waar jou hoofkarakter se gedrag/houding verander in die storie. Van bv. sleg (onvriendelik/ oneerlik) na goed (vriendelik/ eerlik). Jy kan self besluit watter verandering gaan plaasvind.

AKTIWITEIT:

Gebruik DBO Afrikaans Huistaal – rooiboek: **Bl.90.**

Jy moet nou 'n geheuekaart voltooi oor jou eie storie wat jy beplan om te skryf.

Jy kan dit net puntsgewys neerskryf op jou geheuekaart.

Kies 'n gepaste titel.

Maak seker jy weet wie jou hoofkarakter en karakters gaan wees.

## MEMORANDUM: VRYDAG 8 MEI

**Bl.90**

**Kontroleer jou paragraaf:**

| **Kontrolelys** | **Ja** | **Nee** |
|---|---|---|
| Jou storie het 'n titel | | |
| Jy het een hoofkarakter. | | |
| Jy het ander karakters met name. | | |
| Daar vind 'n verandering plaas in jou hoofkarakter se gesindheid. | | |
| Daar word aangedui hoe die persoon se gesindheid/houding verander. | | |